




Elektroniese inskrywing vir perde skoue nou op Logix


Herman Labuschagne – SA Stamboek


SA Stamboek het al 'n geruime tyd 'n losstaande skouprogram beskikbaar vir perderasse wat deur Stamboek registreer. Die Saalperd genootskap bv. gebruik die program al vir 'n paar jaar en het groot sukses daarmee. Die program is egter nie net 'n Saalperd program nie en is generies ontwikkel om vir enige ras gebruik te kan word. Die behoefte het ontwikkel om die inskrywings ook elektronies te doen teenoor die ou hand en papier gedrewe proses. Dit maak die bestuur van 'n perde skou somer baie makliker. Die fasiliteit vir die elektroniese inskrywings is ontwikkel en nou beskikbaar op Logix. Die ontwikkeling het gefokus op die nuwer weergawe van Logix wat vir slim toestelle werk. Dit is nie beskikbaar op die ouer weergawe nie. Dit stel die persoon wat die perd wil inskryf in staat om deur sy rekenaar, tablet of slimfoon die inskrywings te doen. Die persoon wat die perd inskryf het nie nodig om eers in te teken op Logix nie die fasiliteit is beskikbaar vir enige iemand wat op Logix se webblad ingaan.

Die proses om in te skryf is soos volg.

- Gaan na www.logix.org.za
- Kliek dan op die Skou-inskrywings knoppie regs bo-in die hoof menu. 
- Kliek weer op die skou-inskrywing knoppie. 
- **Stap 1 van 7 - Kies skou tipe:** Kliek op Nasionale skou of Streek skou en kliek dan op .


STAP 1 VAN 7 - Kies Skou Tipe




Nasionale Skou 


Nasionale Skou


Streek Skou

- **Stap 2 van 7 – Skou ras:** Kliek op die ras van die perd wat ingeskryf gaan word vir die tipe skou en kliek dan op .

STAP 2 VAN 7 - Skou Ras




SAH - S.A. BOERPERD 

- **Stap 3 van 7 – Kies skou:** Kliek op die betrokke skou wat vir die tipe skou en ras vooraf opgestel is. Kliek op die skou waarvoor die perd/e ingeskryf gaan word en kliek dan op . Let daarop dat die skou net beskikbaar sal wees tot en met die sluitingsdatum vir inskrywings wat langsaan vertoon word.

STAP 3 VAN 7 - Kies Skou



HOëVELD STREEKKAMPIOENSKAPPE te ERMELO **** SLUITINGS-DATUM 2017/04/9 

- **Stap 4 van 7 – Kies die perd/e wat ingeskryf word vir die skou:** Dit neem so tydjie om al die moontlike perde op te soek en te lys so wees geduldig by hierdie stap. Gaan af met die lys af of gebruik die **SOEK** knoppie om enige naam of gedeelte van 'n naam, bv. Jasmyn, op te soek. Die stelsel sal dan al die perde met die naam of soortgelyk aan die soek naam is lys en klik dan op die blokkie met die regmerkie by die betrokke perd. Klik dan op **SEND/STUUR**.

STAP 4 VAN 7 - Kies asb een of meer perd(e) 9980 PERDE GEVIND

PERDE IS GEVIND/ HORSES FOUND

SOEK HIER DEUR DIE NAAM VAN DIE PERD IN TE TIK. DIE LYS HIERONDER SAL DAN SLEGS PERDE LYS WAT DIE NAAM BEVAT. MERK DIE GEKOSE PERD EN KLIK MAAK SOEK AREA SKOON OM NOG TE SOEK.

JASMYN

SOEK MAAK SOEK AREA SKOON

KIES EEN OF MEER PERDE DEUR DIE TE MERK EN KLIK STUUR. **STUUR/SEND**

	Perd Geregistreeerde Naam	Perd Registrasie Nommer	Perd Geboorte Datum	Geslag van Perd
<input type="checkbox"/>	AMMAREL JASMYN 2DE	12159133	1999/09/25	F
<input type="checkbox"/>	ANJOLIAN JASMYN	12900056	2009/10/31	F
<input type="checkbox"/>	BONTSTAAN JASMYN	11458544	1995/10/23	F
<input type="checkbox"/>	BOSCHENDAL JASMYN	12823738	2010/09/03	F
<input type="checkbox"/>	BUHRMANN JASMYN	12398095	2004/11/22	F

- **Stap 5 van 7- Kies asb. die klasse langs die perd se naam waarin dit moet deelneem:** Klik op **KIES KLASSE / SELECT CLASSES** en selekteer die klas/se waarin die perd ingeskryf moet word en klik dan op **STUUR KLASSE**.

STAP 5 VAN 7 - Kies asb die klasse langs die perd se naam waarin dit moet deelneem

PERD/HORSE	KLASSE/CLASSES	STUUR KLASSE
AANDAG ABSOLUUT	KIES KLASSE / SELECT CLASSES	63. U & T - 3-GANG KINDER RYPERD. RUITER ONDER 15 JAAR (OUTO. KAMP)

- **Stap 6 van 7 – Vul alle addisionele informasie per perd in:** Voltooi die inskrywer, stoet, adres en tel nr. velde. Onder die perd informasie sal elke perd individueel gelys word met die gekose klasse daarby. Voltooi nou die Sub unie indien van toepassing, vertoner of ruiters naam, geslag van die vertoner sowel as die sel nommer en ID nr.

STAP 6 VAN 7 - Vul asseblief alle addisionele informasie per perd in

INSKRYWER INFORMASIE

Q REEDS N INSKRYWER, SOEK MY NAAM OP

INSKRYWER NAAM EN VAN **DUPLISEER** **STOET** **INSKRYWER ADRES LYN 1**

INSKRYWER ADRES LYN 2 **INSKRYWER DORP/STAD** **POSKODE** **INSKRYWER SEL/ TEL NO**

PERD INFORMASIE

AANDAG ABSOLUUT - EIENAAR **FILTER MARK**

U & T - 3-GANG KINDER RYPERD. RUITER ONDER 11 JAAR (OUTO. KAMP) **DATUM:** 2017/04/10 **SUBUNIE** **VERTONER of RUITER NAAM en VAN** **GESLAG VAN VERTONER /RUITER** **VERTONER of RUITER SEL NR** **VERTONER of RUITER ID**

Op dieselfde skerm moet die koste ingevul word vir die klas inskrywing sowel as die stal/le benodig en die beddegoed.

KOSTES VIR ABSOLUUT

VERANDER/VOEG BY/VEE UIT KLASSE

AANTAL	FOOI	BEDRAG	TOTAAL	FOOI NOMMER
2	CLASS	R 75,00	R ,00	5
1	STABLE	R 100,00	R ,00	6
	BEDDING	R 0,00	R ,00	7
TOTAAL / TOTAL			R ,00	

Die betalings wat op die faktuur gaan verskyn word dan opgesom aan die onderkant. Indien alles korrek is klik op **SKEP FAKTUUR**.

- **Stap 7 van 7 – Doen betaling deur Payfast en registreer finaal:** Indien alles in orde is klik dan op **BETAAL NOU / PAY NOW** en volg die Payfast skerm om betaling af te handel.
- PayFast sal dan 'n bewys van betaling per epos na die Genootskap en die persoon wat die betaling doen stuur.

STAPPE VIR BETALING:

1. Kies die bank waaruit jy jou betaling wil maak.
2. Registreer PayFast as BEGUNSTIGDE op jou bankrekening. Die inligting ge die opsie om te “copy” & ‘paste’ na jou rekening toe.
Dit is die inligting wat in die blokkies verskyn, n.a.v. die keuse van jou bank.
3. Betaal deur die gewone prosedure te volg. Maak seker u vul die bedrag in sonder die “komma”
4. WAG tot die program die boodskap “SUKSESVOL” gee. Dit neem 'n rukkie, afhangend van hoe besig die bank is

ONTHOU: Met elke nuwe betaling, verander die verwysingsnommer.

- Die stelsel bring jou terug na hierdie skerm soos onder. Om alles af te handel moet u op die **“REGISTREER FINAAL”** knoppie kliek om die inskrywing te finaliseer. Slegs dan is die perd/e ingeskrif.

BETALINGS INLIGTING

HO&VELD STREEKKAMPIOENSKAPPE 2017/04/10 ERMELO

TOTALE INSKRYWINGS BEDRAG R 775,00

NAAM(PERSOON WAT BETAAL)

VAN (PERSOON WAT BETAAL)

E-POS ADRES VIR BETALINGS BEWYS EN FAKTUUR

NADAT U SKEP FAKTUUR GEKLIK HET GAAN NA ONDERKANT VAN BLAAI EN KLIK OP DIE ROOI KNOPPIE

REGISTREER FINAAL

Sodra die sluitingsdatum van die skou aanbreek kan daar nie meer verander word aan die inskrywings nie en gaan die proses van die skou oor na die losstaande Perdeskouprogram waar veranderinge gedoen kan word by die skou self.

Stamboek hoop en vertrou dat hierdie proses vir u soomloos sal wees en dat u 'n positiewe ervaring sal beleef.